98|04

SAAK No. 61/83
/CCC

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

PROTEA ASSURANSIEMAATSKAPPY BEPERK APPELLANT

en

MAGDALENA PHILLIPINA OOSTHUIZEN RESPONDENT

Coram: JANSEN, AR et GALGUT, ELOFF Wnde ARR

Verhoor: 4 SEPTEMBER 1984

GELEWER: 14 SEPTEMBER 1984

---

U I T S P R A A K

ELOFF, Wnd AR/ ......

ELOFF, Wnd AR:

Op die aand van Saterdag 30 Augustus 1980 het die respondente en haar sinds gestorwe eggenoot (hierna "die oorledene" genoem) gaan dans by 'n hotel te Melkbosstrand. Die oorledene het die aand 'n hele paar drankies geneem, maar volgens getuienis wat die respondente gelewer het in die geding waarna ek netnou sal verwys, en wat deur die verhoorhof aanvaar was, het dit hom nie erg affekteer nie - "Hy het normaal geloop en hy het normaal met my gepraat". Sy het bygevoeg dat persone wat die oorledene nie ken nie, nie sou besef het dat hy "gedrink" was nie. Teen ongeveer 11 n.m., het die egpaar onenigheid gehad

vanweë/ ......

vanweë die feit dat die oorledene 'n groot deel van die aand in die dameskroeg in die hotel deurgebring het, i p v in die geselskap van die appellant. Hy het hom vervies, en het haar gesê dat hy dan en daar huis toe gaan stap. Hy het die daad by die woord gevoeg, en is daar weg. Hulle het ongeveer 20 km vandaar, in die rigting van Kaapstad gewoon.

Toe die dans later die nag geeindig het, het die mense wat dit bygewoon het, vertrek. Onder hulle was 'n sekere mev Ascott. Sy het, vergesel van haar skoonsuster en 'n vriendin, in 'n Renault motorkar huiswaarts gery. Dit moet terloops genoem word dat dié motorkar deur die appellant in hierdie geding kragtens

die/ ......

die Wet op Verpligte Motorvoertuigversekering, 56 van 1972, verseker was. Die pad waarop mev Ascott huis toe gery het, was die weg wat die oorledene moes gebruik om tuis te kom. Dit het 'n teervlak met 'n wydte van 7 meter gehad, met 'n gruisstrook van ongeveer 2 meter aan mev Ascott se linkerkant. Dit was gemeensaak dat mev Ascott by 'n punt ongeveer 7 km vanaf Melkbosstrand die oorledene ingehaal het, en dat haar motorkar met hom gebots het. Die oorledene het weens beserings wat hy in die botsing opgedoen het, beswyk.

In die daaropvolgende aksie wat die respondente teen die appellant in terme van Wet 56 van 1972 in die Kaapse Afdeling van die Hooggeregshof

ingestel het, het Williamson R. bevind dat die botsing deur mev Ascott se nalatigheid veroorsaak was. Appellant kom nou in hoër beroep teen daardie beslissing.

Die eerste gedeelte van die betoog wat namens appellant voorgedra was, was gerig teen die Verhoorregter se konklusie dat die oorledene ten tye van die botsing waarskynlik op mev Ascott se linkerkant van die teergedeelte van die pad geloop het. Die Advokaat het ter oorweging gegee dat dit nie minder waarskynlik is nie, dat die oorledene net vóór die botsing, op die gruisgedeelte langs die teervlak, of dalk in die bossies langs die gruis, was, en dat hy

onverwags/ ......

onverwags op die teervlak voor mev Ascott se aankomende motorkar ingeloop het. Tereg is deur die Advokaat daarop gewys dat geeneen van die getuies by die verhoor gesê het dat hulle die oorledene voor die botsing gesien het nie.

Mev Ascott het getuig dat toe sy die ongelukstoneel genader het, met haar ligte op dof, en teen 'n snelheid van ongeveer 60 k p u, sy bewus was van 'n Mini motorkar wat 'n paar karlengtes voor haar in dieselfde rigting beweeg het. Daarbenewens het sy net 'n paar voetgangers wat saam op die gruisvlak aan haar linkerkant geloop het, gesien. Toe sy by die voetgangers verby gegaan het, het sy 'n slag gehoor. Ons

weet/ ......

weet nou dat sy toe met die linkervoorkant van haar motorkar die oorledene getref het. Sy het hom egter op geen tydstip voor die botsing gesien nie.

Die enigste ander getuie ten aansien van die betrokke gebeure was ene Van der Merwe, 'n meganiese ingenieur. Hy was die aand ook by die dans, en het daarvan weggegaan net na mev Ascott. Hy het vir 'n hele tyd agter haar gery, en toe hy die ongelukstoneel nader was hy net van plan om haar kar verby te steek. Vir dié doel het hy effens na regs beweeg, maar nie verder as die middellyn van die teervlak nie. Mev Ascott het redelik naby haar linkerkant van die teervlak gery. Van der Merwe sien toe die voetgangers wat mev Ascott

waargeneem het; hy kon hulle eien as 3 kleurlingmans. Net toe sien hy 'n voorwerp wat gelyk het of dit uit mev Ascott se voertuig val. Ons weet nou dat dit die liggaam van die oorledene was, wat deur mev Ascott se motorkar getref en in die lug geslinger was. Mev Ascott het nog steeds aangery hoewel sy haar pas effens vertraag het. Van der Merwe het by haar verbygery en vir haar 'n teken gegee om te stop, want hy het besef dat iets gebeur het. Beide van hulle het na die ongelukstoneel teruggery, en die oorledene aangetref waar hy op die gruisvlak gelê het met sy kop ná aan die teervlak. Hy was reeds dood. Hy was geklee in 'n pak wat Van der Merwe beskrywe het as "taamlik helderblou".

Appellant se Advokaat het aangevoer dat in die afwesigheid van enige getuienis aangaande die oorledene se bewegings net voor die botsing, mens slegs kan spekuleer oor wat hy gedoen het.

Ek meen dat die moontlikheid - soos genoem deur appellant se Advokaat - dat die oorledene voor die botsing vanaf die gruisstraat na die teervlak beweeg het, op 'n ewewig van waarskynlikhede uitgeskakel is. Van der Merwe - wat deur die Hof a quo as 'n betroubare en indrukwekkende getuie bestempel was - het gesê dat hy behalwe die drie kleurlinge niemand in hulle omgewing op die gruisarea gesien het nie. Ek meen dat sy getuienis en die van mev Ascott daarop dui dat die

botsing/ ......

botsing in die omgewing waar die kleurlinge was, plaasgevind het. In die lig van die feit dat van der Merwe die kleurlinge so goed kon sien dat hy hulle getalle en kleredrag kon waarneem, volg dit dat indien die oorledene in hulle omgewing op die gruisstrook was, hy hom sou gesien het. Die afstand tussen sy voertuig en dié van mev Ascott - hy het dit geraam op ongeveer 20 meter - was sulks dat haar motorkar nie sy uitsig na die betrokke gedeelte sou versper het nie.

Hoewel mev Ascott nooit die oorledene gesien het nie ( en daarom was dit deur die Hof _a quo_ bevind dat sy nie behoorlik gekyk het nie) is dit, m i, waarskynlik dat indien die oorledene net voor die

botsing 'n sydelingse beweging aan haar linkerkant na die teervlak sou gemaak het, sy dit sou waargeneem het.

Die feit dat die oorledene ten tye van die botsing, na ongeveer 1 en 'n half uur se stap reeds nagenoeg 7 km afgelê het, dui volgens my oordeel daarop dat hy redelik flink en bestendig aangestap het. Die suggestie dat hy meteens 'n dwars beweging vanaf die gruis na die teervlak sou gedoen het, kom my vêrgesog voor.

Appellant se Advokaat het betoog dat dit onwaarskynlik is dat die oorledene op die teervlak sou loop met sy rug na aankomende verkeer. Seer sekerlik sou dit, volgens my mening, riskant gewees het. Dit

sou egter minder van 'n waagstuk gewees het as die bykans selfmoord-handeling wat deur appellant se Advokaat as 'n moontlikheid voorgehou word.

Ek dink nie dat enige fout gevind kan word met die Hof a quo se beslissing dat die oorledene vóór die botsing suidwaarts waarskynlik op die teervlak geloop het nie. Appellant se Advokaat het toegegee - m i tereg - dat dit inhou dat mev Ascott nalatig was deurdat sy nie behoorlik opgelet het nie. Hy het egter aangevoer dat dit nie in voldoende mate bewys was dat haar nalate kousaal verband gehou het met die botsing nie. In die verband het hy klem gelê op die beweging en posisie van die Mini motorkar waarna ek reeds verwys het. Die

Verhoorregter het, hoewel hy nie deur mev Ascott as getuie beïndruk was nie, aanvaar dat daar wel 'n Mini motorkar voor haar was. Ek meen dat dié benadering korrek was; dit is onwaarskynlik dat sy so iets sou verdig. Die Advokaat se argument was dan dat, aangesien mev Ascott getuig het dat die Mini ongeveer 3 karlengtes voor haar was, en redelik ná aan die linkerkant van die teervlak beweeg het, dit waarskynlik die oorledene sou verberg het. Daarna, as mev Ascott hom sou gesien het, sou sy te min tyd gehad het om 'n botsing te vermy.

Ek meen dat aanvaarding van mev Ascott se getuienis dat daar 'n Mini voor haar was, nie meebring dat haar skatting van die afstand voor haar en die posisie van die Mini op die pad as betroubaar beskou

moet/ ......

moet word nie. Ek deel die mening van die Verhoorregter dat mev Ascott besonder vaag was. Ek dink ook dat die getuienis van Van der Merwe in hierdie verband van belang is. Dit moet onthou word dat hy net ná die botsing mev Ascott se motorkar verbygesteek het. Dit is onwaarskynlik dat hy dit sou gedoen het indien die afstand tussen die Mini en mev Ascott se motorkar nie aansienlik was nie. In die lig van dié omstandigheid volg dit dat vanaf die tydstip wat die Mini by die oorledene verbygegaan het, mev Ascott voldoende tyd gehad het om na regs pad te gee. Ek stem met die Hof a quo saam dat 'n relatief geringe beweging deur haar na regs voldoende sou gewees het om 'n botsing met die oorledene te vermy. Dit is ook tersake

dat/ ......

dat dit redelikerwys van mev Ascott verwag kon word om, toe sy die voetgangers aan haar linkerkant van die pad gesien het, besonder noulettend te wees. Volgens my oordeel misluk die aanval op die Hof a quo se bevinding aangaande kousaliteit.

Ek dink dat die verhoorhof se slotsom dat mev Ascott nalatiglik die dood van die oorledene veroorsaak het, gegrond is.

Die appèl word afgewys met koste.

ELOFF, Wnde AR

JANSEN, AR )
)   STEM SAAM
GALGUT, Wnde AR)